education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2007

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladyse.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | LEESBEGRIP | (VRAAG 1) |
   | AFDELING B: | OPSOMMING | (VRAAG 2) |
   | AFDELING C: | TAAL | (VRAAG 3) |

3. Lees AL die instruksies en vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is, in die MIDDEL van die bladsy en laat 'n reël oop tussen antwoorde.

5. Trek 'n streep na elke voltooide afdeling.

6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Skryf netjies en leesbaar en gebruik slegs blou ink.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL, GRAFIEK EN SPOTPRENT**

Lees die volgende leesstukke en beantwoord die daaropvolgende vrae:

## Só lyk Suid-Afrika se selfoongebruikers

1. World Wide Worx Mobility 2006 doen navorsing oor selfoongebruik in Suid-Afrika. In hulle navorsingsverslag word onderskei tussen ses verskillende segmente in die Suid-Afrikaanse selfoonmark: Grassroots, Akkedisse, Playas, Magpies, Gesofistikeerdes en Olifante. Altesaam 1 152 Suid-Afrikaners het deelgeneem aan die peiling waarin selfoongebruikers se gewoontes en behoeftes ondersoek is.

2. 'n 'Akkedis' het weinig lojaliteit en sal vinnig van vel verander om by 'n nuwe spesiale aanbod baat te vind. Volgens die navorsingsverslag bestee hierdie groep verbruikers sowat R113 per maand aan selfoongebruik.

3. 'Grassroots' verteenwoordig teen 45% die grootste groep in die mark en bestee maandeliks sowat R109 aan selfoongebruik. Hierdie groep se totale selfoongebruik verteenwoordig 'n kwart van die hele Suid-Afrikaanse selfoonbesteding. Studente is gewoonlik 'Playas'. Hulle kan skaars wag om hul selfone op te gradeer en Mobiele TV te kry, alhoewel hulle dit nie kan bekostig nie. Hul begrotings laat hulle nie toe om veel meer as R161 per maand aan selfoongebruik te bestee nie, maar tog dra hulle saam 19% tot selfoonnetwerke se totale omset by.

4. 'n 'Magpie' bestee omtrent dieselfde as 'n 'Playa', maar is voortdurend op die uitkyk vir spesiale aanbiedinge en is dol op enigiets wat blink of geluide maak. Hul selfone is toegerus met kameras en radio's en hulle het al televisie oor 'n selfoon gekyk. 'n 'Magpie' sal nie huiwer om aankope via sy selfoon te doen nie.

5. 'n 'Gesofistikeerde' bestee gemiddeld R284 per maand aan selfoongebruik. Dit verteenwoordig 11% van die mark en 16% van die markbesteding. Die meeste het internettoegang op hul selfone en het al data met selfone afgelaai. Hulle is flink met die stuur van SMS'e en is versot op selfoonbankdienste.

6. Die grootste selfoonbesteder is 'n 'Olifant'. 'n 'Olifant' begroot gemiddeld R729 per maand vir selfoongebruik. Alhoewel hulle slegs 9% van die selfoonmark verteenwoordig, is hulle vir 33% van alle selfoonbesteding verantwoordelik. 'Olifante' het gewoonlik 'n bankrekening en selfoonkontrak. 'n Groot persentasie van 'Olifante' se telefoonrekeninge word deur hul werkgewers betaal. Twee uit elke drie 'Olifante' het die afgelope jaar 'n nuwe selfoon gekry en het waarskynlik internet op hul fone. Hulle hou egter nie van Mobiele TV en ander gevorderde selfooneienskappe nie.

| Die marksegmente volgens World Wide Worx | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Grassroots** | **Akkedis** | **Playa** | **Magpie** | **Gesofistikeerde** | **Olifant** |
| **Persentasie van mark** | 45% | 8% | 24% | 3% | 11% | 9% |
| **Maandelikse besteding** | R109 | R113 | R161 | R158 | R284 | R728 |
| **Persentasie van besteding** | 24% | 4% | 19% | 3% | 16% | 33% |
| **Het 'n kontrak** | 1% | 4% | 7% | 9% | 16% | 99% |
| **Neiging om van kontrak te verander** | 0,2% | 100% | 6,8% | 11,4% | 6,9% | 6,3% |

[Verwerk uit: *Beeld*, 18 Oktober 2006]

1.1 Wat is die kenmerke van selfoongebruikers wat 'Akkedisse' genoem word? (2)

1.2 Watter persentasie selfoongebruikers val in die Akkedisgroep? (1)

1.3 Sou jy World Wide Worx se verslag as gesaghebbend beskou? Motiveer jou antwoord. (2)

1.4 Wat het World Wide Worx ondersoek? (1)

1.5 Op watter selfoongebruikers sal selfoonmaatskappye se bemarking fokus? Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Watter tipe selfoongebruiker is jy? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**EN**

# Dié assistente maak blindes bly

1. Ons het tog al almal blindemol gespeel toe ons nog tjokkertjies was. 'n Pikdonker wêreld van onsekerheid oor elke volgende stappie. En gewoonlik eindig die speletjie met nerfaf knieë ...

2. Vir 'n blinde persoon is dit ongelukkig sy/haar daaglikse lot. Pieter van Niekerk, die beeldpoetser van die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging, is reeds die grootste deel van sy lewe blind. 'Ek het nog altyd net kon droom hoe dit moet wees om kleure te kan sien,' sê hy.

3. Pieter het dit moeilik gevind om met 'n kierie te loop en hy was ook nie heeltemal gemaklik met die konsep nie. 'Dit verg baie konsentrasie en dit is harde werk. Jy loop steeds in voorwerpe vas en as jy jou fokus vir 'n breukdeel van 'n sekonde verloor, kan jy val of gly.'

4. Toe hy net in die twintig was, het Pieter besluit om 'n gidshond te kry. Hy was dol oor die idee van 'geselskap', maar sonder die opleiding, toerusting en ondersteuning van die Gidshondvereniging, sou hy nooit sy droom van onafhanklikheid en beweeglikheid kon verwesenlik nie.

5. Die Gidshondvereniging is 'n organisasie sonder winsbejag wat hoofsaaklik van borgskappe en donasies afhanklik is. Dit is in 1953 deur Gladys Evans, 'n swaksiende vrou, op die been gebring en het gegroei van die eerste hond wat sy in 1955 opgelei het tot die 35 tot 40 honde wat nou jaarliks opgelei word.

6. Ten spyte van die hoë koste (R10 000 om een gidshond op te lei) hoef 'n blinde persoon soos Pieter slegs R105 te betaal.

7. Kimberly Clark, die mense wat die oulike Baby Soft-toiletpapier met die pienk en blou labradortjies maak, het nou ook besluit om hul stuiwer in die armbeurs te gooi vir die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging.

8. **Só kan jy help:** Wees vanaf 1 Oktober op die uitkyk vir Baby Soft-toiletpapierpakke met 'n spesiale plakker op. Op dié plakker is daar 'n nommer waarna jy die pak se kode kan SMS. Dit is hoe maklik dit vir jou en Kimberly Clark is om 'n donasie te maak! Die eerste 20 000 SMS'e sal ook 'n Baby Soft-gidshondjie (nie die ware Jakob nie, maar 'n knuffelspeelding) ontvang.



SUID-AFRIKAANSE GIDSHONDVERENIGING VIR BLINDES

[Verwerk uit: *Die Burger*, 25 September 2006]

1.7 Na wie verwys die eerste woord ('Ons') in paragraaf 1? (1)

1.8 Wat is volgens die leesstuk die blinde persoon se daaglikse lot? (1)

1.9 Wat doen Pieter van Niekerk as hy die Gidshondvereniging se *beeld poets*? (1)

1.10 Wat is die skrywer se houding teenoor blindes? Motiveer jou antwoord deur na paragraaf 2 te verwys. (2)

1.11 Watter TWEE sake word in paragrawe 3 en 4 teenoor mekaar gestel? (1)

1.12 Wat is die hoofgedagte van paragraaf 4? (1)

1.13 'Die Gidshondvereniging is 'n organisasie <u>sonder winsbejag</u> ...' (paragraaf 5). Waarom is dit belangrik dat die onderstreepte woorde wel by die leesstuk ingesluit is? (1)

1.14 Voltooi: Die verskuilde bedoeling van paragraaf 6 is dat, sou jy nie die Gids-hondvereniging help nie, ... . (1)

1.15 Wat beteken die uitdrukking 'om 'n stuiwer in die armbeurs te gooi' (paragraaf 7)? (1)

1.16 Waarom is die woorde '**Só kan jy help**' (paragraaf 8) in vetdruk ('bold') geplaas? (1)

1.17 Wat is die tweeledige doel van hierdie leesstuk? (2)

**EN**

[Uit: *Beeld*, 21 Mei 2004]

1.18 Die spotprent beeld 'n kerktoneel uit.

1.18.1 Waarom is die praatborrel aan die bokant van die prentjie geplaas? (1)

1.18.2 Dink jy die vrou op die voorgrond (blommetjiesrok) is gewoonlik aan haar man onderdanig? Motiveer jou antwoord. (1)

1.19 Wat word met die uitdrukking 'vrouens moet aan mans onderdanig wees' bedoel? (1)

1.20 Hoe weet jy dat die vrouens in hulle skik is met die opmerking wat gemaak word? (1)

1.21 Verduidelik waarom die spotprenttekenaar die spesifieke klein man en groot vrou middel voor in die spotprent geplaas het. (1)

1.22 Watter emosie ervaar die man wat regs voor sit? (1)

1.23 Wat, dink jy, gaan in die egpaar se huishouding verander? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Maak 'n opsomming van dr. Potgieter se sewe voorstelle vir positiewe denke in EEN paragraaf van NIE meer as **70** woorde nie, of som dr. Potgieter se sewe voorstelle vir positiewe denke in NIE meer as **70** woorde nie, op, deur dit puntsgewys onder mekaar neer te skryf.

## HOU MET POSITIEWE DENKE KOP BO WATER

Dr. ST Potgieter, 'n kliniese sielkundige en loopbaankonsultant van Bellville, sê: 'Dit is nodig om prakties te raak as jy negatiewe gedagtes koester. Ek wil die teorie en filosofie uitsny en direk by die punt uitkom. Dié sewe voorstelle om positief te wees, werk vir my:

Soek in jou werkomgewing na positiewe mense met wie jy kan en wil assosieer. Selfs as jy 'n leerder of student is, moet jy sorg dat jy in aanraking met positiewe medestudente kom. Skakeling en kontak met positiewe mense is belangrik vir jou benadering tot jou werksomgewing en -program.

Woon 'n praatjie, seminaar of kursus by wat op motivering en verryking gerig is. Ek het al baie geleer deur te luister na dit wat bekendes soos Robert Kiyosaki en John Demartini te sê het. Probeer in 'n praatjie net één konsep kry wat vir jou van waarde en betekenis is en wat jy op die lewe van toepassing kan maak.

Lees elke maand minstens een goeie boek oor selfverryking: boeke wat handel oor onderwerpe soos hoe om jou doelwitte te bereik of om jou ware self te ontdek. Daar is talle skitterende boeke op die mark waarin jy idees en gedagtes van die wêreld se beste leermeesters, opvoeders, sakemanne, geestelike leiers en so meer sal vind.

Besoek suksesvolle mense in jou omgewing. Dit kan op enige gebied wees, soos 'n suksesvolle eiendomsagent, onderwyser, kafee-eienaar, toergids, boer of bou-kontrakteur. Vra hulle uit oor hul idees en gedagtes vir sukses en motivering in die lewe.

Skryf spesifieke doelwitte wat jy wil bereik, neer. Maak vir jou 'n 'droombord'. Weet waarnatoe jy met jou lewe wil gaan en na wie jy kan gaan met jou kwellinge.

Leer om probleme en foute as noodsaaklike trappe te sien om jou doelwitte in die lewe te bereik. Wanneer jy mislukking vrees, begin jy op die negatiewe fokus in plaas van op die positiewe.'

[Verwerk uit: *Die Burger*, 22 Julie 2006]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: KOERANTARTIKEL EN STROKIESPRENT

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae:

# Mo het diep in SA se harte ingekruip

1. 'n Mens kan nie help om breed te glimlag as Mo, Suid-Afrika se gunsteling-meerkat, op die kassie verskyn en energiek begin riel nie.

2. Hierdie briekdanskoning en Vodacom-ikoon, wat nou weer flink sy passies in die TV-flits 'Danskoning' uithaal en die nuwe 'Leeuloop'-flits met sanger Robbie Wessels met sy rugby- en sokkerbal opkikker, gaan binnekort ook weer in 'n nuwe somerveldtog vir Vodacom te sien wees.

3. Volgens Millward Brown, Impact se gewildheidspeiling, was hierdie nimlike meerkat se tweede TV-vertoning in 'Meerkat - The Way You Move', verlede jaar die algehele gunstelingadvertensie in die ontluikende mark en op twee na die gewildste in die ontwikkelende mark.

4. By die meer onlangse 2006 Khuza-toekennings ('n navorsingsgegronde program waar die Suid-Afrikaanse jeug vir hul gunstelingadvertensies en bemarkingsveldtogte stem), is dit ook as die wenveldtog aangewys, terwyl die kordate meerkat ook in Tony Koenderman se 2006 AdReview met die louere weggestap het.

5. Volgens FCB Johannesburg se uitvoerende skeppende hoof, Brett Morris, is Mo die reaksie op 'n uitdaging van Vodacom, wat verlede jaar aan die agentskap gerig is. 'Vodacom het ons spesifiek getaak om jong, aktiewe Suid-Afrikaanse pretsoekers te teiken.'

6. 'Die verbruikers van 15 - 34 is jonk van gees en hart en altyd op soek na vermaak, met pret en plesier bo-aan hul voorkeurlys.'

7. 'Wat selfoongebruik betref, wil hulle graag met die jongste foefies en neigings gesien word en hul selfone koppel hulle aan hul lewenstyl,' verduidelik Morris.

8. 'Om tot dié jeugmark deur te breek, moes ons ook heeltemal uit die kassie dink en 'n splinternuwe karakter skep. Hoewel ons karakter 'n animasieformaat het, is hy nie die gewone, skatlike animasie-karakter nie - die Vodafone live!-meerkat het 'n houding wat vir niks skrik nie!

9. Volgens André Beyers, Uitvoerende Bestuurder: Reklame en Handelsnaambestuur, het Mo hom deur en deur as 'n suksesvolle handelsnaamikoon in die jeugmark bewys. Dit, tesame met die feit dat sy sjarme ook na ander teikenmarkte oorgespoel het, het weer grense verskuif ten opsigte van mededingendheid en algemene verbruikersgewildheid.

10. 'In die jongste uitvoerings, koppel ons weereens nie die boodskap aan 'n spesifieke produk nie, maar word Mo steeds gebruik om alle Suid-Afrikaners te vermaak - soos net Vodacom kan,' beklemtoon hy.

11. Morris sê al die eerbetoon ten opsigte van gewildheid en toekennings bewys dat die agentskap se werk wye erkenning kry en kreatief-gesproke die gewenste resultate lewer.

[Uit: *Beeld*, 7 September 2006]

3.1 Gebruik die intensiewe vorm van 'diep' in 'n sin. (1)

3.2 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die uitdrukking om 'diep in jou hart te kruip' (titel)? (1)

3.3 Wat is die basisvorm van 'energiek' (paragraaf 1)? (1)

3.4 Gee die verkleining van 'glimlag' (paragraaf 1). (1)

3.5 Watter woorddeel kan die skrytteken in 'rugby- en sokkerbal' (paragraaf 2) vervang? (1)

3.6 Gee 'n sinoniem vir 'nimlike' (paragraaf 3). (1)

3.7 Gee 'n antoniem vir 'ontluikende' (paragraaf 3). (1)

3.8 Vorm 'n werkwoord van die selfstandige naamwoord 'mark' (paragraaf 3). (1)

3.9 'Dit is ook as die wenveldtog aangewys' (paragraaf 4). Verander dié sin in 'n vraagsin, SONDER om 'n vraagwoord te gebruik. (1)

3.10 Wat is die denotasie van 'louere' (paragraaf 4)? (1)

3.11 'Die verbruikers van 15 - 34 is jonk van gees en hart en altyd op soek na vermaak' (paragraaf 6). Skryf die onderwerp van hierdie sin neer. (1)

3.12 Skryf Morris se woorde: 'Hul selfone koppel hulle aan hul lewenstyl' (paragraaf 7) in die INDIREKTE rede oor. (1)

3.13 Wat is die konnotasie van 'ons moes uit die kassie dink' (paragraaf 8)? (1)

3.14 Vorm, deur middel van 'n afleiding, 'n selfstandige naamwoord van 'dink' in paragraaf 8. (1)

**EN**

## Oerkennis hou jakkalsies weg

1. BLOEMFONTEIN - Geruisloos soos 'n slang en blitsig soos 'n kobra



2. Dit is hoe mnr. Anotnio Fulua (49), die Woodland Hills Wildlife Estate in Bloemfontein se nuwe sekerheidswag, hierdie spogландgoed in Bloemfontein opas.

3. Mnr. Theron de Wet, landgoedbestuurder, het die soveelste Suid-Afrikaner geword wat die oerkennis van die San ingespan het om kwaaddoeners en wilddiewe van eiendom af weg te hou.

4. Vir die landgoed van 1 200 ha wat met meer as 300 dierespesies spog, het Fulua meer as net sy pyl en boog gebring: hy het gemoedsrus vir meer as honderd gesinne wat hier bly, gebring.

5. Fulua het reeds twee jakkalse met sy pyl en boog doodgeskiet toe hulle wild wou vreet.

6. De Wet vertel: 'Antonie (soos hulle hom noem) geniet agting met die inwoners.'

7. 'Ek stap my voete voos om die skelms te vang,' sê Antonio vanuit 'n skuilte voor die tentjie wat hy, sy vrou en hul kinders op die landgoed deel.

8. In werksure kommunikeer De Wet en Fulua met tweerigtingradio's, maar Antonie en sy vrou het elkeen 'n selfoon.

9. Antonie sê: 'Ek skiet al jakkalsies met die pyl en boog vandat ek sewe is.

10. My pa het my geleer skiet, maar toe gaan steek hy lepel in die dak.'

11. Ek kyk hoe hy sy kaal voete in sy rooi vellies plaas, omdraai oor die werf wat netjies gevee is, sy vrou soengroet, pyl en boog in sy koker om sy kaal skouers gooi ... en toe lui sy selfoon.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 4 November 2006]

3.15 Hoe dra die gebruik van vergelykings in paragraaf 1 tot beter begrip van die leesstuk by? (1)

3.16 Verbeter die spelfout in paragraaf 2. Skryf die woord korrek neer. (1)

3.17 Wat is die betekenis van die premorfeem oer- in oerkennis (paragraaf 3)? (1)

3.18 '... meer as 300 dierespesies' (paragraaf 4). Gee EEN woord vir: 'al die dieresoorte van 'n bepaalde streek of tydperk'. (1)

3.19 Waarvoor staan die afkorting *ha* in paragraaf 4? (1)

3.20 Skryf paragraaf 5 in die lydende vorm: 'Fulua het reeds twee jakkalse met sy pyl en boog doodgeskiet toe hulle wild wou vreet.' (1)

3.21 Verbeter die voorsetsel wat in paragraaf 6 gebruik word. (1)

3.22 Gee 'n neutrale woord vir die emotiewe gebruik van 'voos' in paragraaf 7. (1)

3.23 Watter leesteken sou die verwarrende uitspraak van werksure (paragraaf 8) kon oplos? (1)

3.24 '... toe gaan steek hy lepel in die dak' (paragraaf 10). Wat beteken die uitdrukking 'om lepel in die dak te steek'? MOENIE die uitdrukking met 'n ander uitdrukking vervang nie. (1)

3.25 In die slotparagraaf van die leesstuk gebruik die skrywer kontras. Tot watter insig lei die gebruik van kontras die leser? (1)

Bestudeer die onderstaande raampies en praatborrels en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:

3.26 '... juffrou ...' (raampie 1) verwys hier na 'n onderwyseres. Watter ander konnotasie kan die woord 'juffrou' ook hê? (1)

3.27 Verbeter die spelfout in raampie 1. (1)

3.28 Gee die vergrotende trap van vroeg (raampie 1). (1)

3.29 Skryf raampie 3 in die INDIREKTE rede oor. Begin met: 'Hy vra ...'. (1)

3.30 Skryf die volgende in die ONTKENNENDE vorm oor:

'Het jy al ooit so 'n vrot verskoning gehoor?' (raampie 4) (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou